# SAHARA-AVONTUUR REEKS

No. 35



# 'N TEKEN IN DIE NAG

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | 'n Enkele Ruiter | 3 |
| 2. | Verraad | 13 |
| 3. | Stilte van die Dood | 22 |
| 4. | Ultimatum | 30 |
| 5. | Twee Planne | 39 |
| 6. | Verlore in die Nag | 48 |
| 7. | Aakligheid in Fort Petit | 59 |
| 8. | Tweeman-oorlog | 68 |
| 9. | Die Aanval Begin | 77 |
| 10. | Narri Sadek se Neerlaag | 86 |


Hoofstuk 1

## 'N ENKELE RUITER

Die nag is stil en warm om die mure van Fort Petit in die suidwestelike Sahara. Die meeste van die tyd is dit baie stil om Fort Petit want dit lê verlore soos 'n albaster in die wye onmeetlikheid van die Sahara en hierdie is buitendien een van die stilste en mees afgeleë hoeke van die woestyn. By Fort Petit gebeur daar byna nooit iets nie.

Sedert dit gebou is as een van die voorposte van die Vreemdelegioen, is Fort Petit al herhaalde male deur Arabiere aangeval maar tussen sulke aanvalle verloop daar 'n lang tyd sonder dat enigiets gebeur.

En tog is Fort Petit met sy garnisoentjie van honderd manskappe 'n belangrike doring in die vlees van opstandige en vyandige Arabiere. Daar is 'n baie streng bevel dat Fort Petit ten alle tye en in alle omstandighede met die uiterste wakkerheid beman moet word sodat dit nie verras word nie. Dit is juis so omdat daar 'n klein garnisoentjie is. Dit is 'n klein fortjie maar 'n baie stewige fortjie wat deur 'n handjievol manskappe goed verdedig kan word.

Vanaand is 'n aand soos alle ander aande in Fort Petit. Die bevelhebber, kapt. Pierre Bouquet, het hom alreeds ter ruste begewe. Op die klein borswerings beweeg die wagte stadig heen en weer en nie een van hulle verwag dat hierdie nag iets buitengewoons, iets prikkelends of iets gevaarliks sal oplewer nie. Hier is dit dag na dag en nag na nag 'n dodelike roetine, want hier doen 'n mens niks behalwe om wag te staan, te slaap, te eet en af en toe in die verterende son driloefeninge te doen nie.

Daarom is die wag hier naby die poort van Fort Petit dadelik die ene ore toe hy 'n bekende geluid oor die woestyn hoor aankom. Hy steek so vinnig vas en swaai so geesdriftig om dat hy oor sy swaar stewels struikel. Hy draai sy kop skeef en luister.

Ja, dink hy, hy het reg gehoor: daardie is hoefslae wat oor die Sahara aankom.

Hoefslae? Dit kan tog seker nie wees nie. Want vir die wag is dit onmiddellik duidelik dat daardie die hoefslae is van net een perd.

Die wag beweeg tot op die kant van die borswering en luister fyn. Eintlik is dit nie nodig om fyn te luister nie want die ritmiese slag oor die sand is onteenseglik die geluid van 'n hardlopende perd. Daar waar hy staan, kan hy selfs die sagte geklingel af en toe van die stangringe hoor.

Soos dit sy plig is, roep die wag na onder in die rigting van die wagkamer waar die offisier van die wagte hom op die oomblik bevind. En toe hy roep, roep nog 'n paar wagte tegelyk. Ook hulle hoor die geluid oor die woestyn

aankom.

,,'n Ruiter nader die fort," skreeu die eerste wag. Hy moet dit tot drie maal toe herhaal voordat daar lewe in die wagtekamer kom, en die offisier van die wagtekamer, 'n teësinnige sersant, sy verskyning maak.

,,'n Ruiter nader die poort," skreeu 'n ander wag.

,,'n Ruiter?" roep die sersant van die wagte hier van onder af. ,,Jy is van jou kop af. Julle ellendelinge, probeer julle my vir die gek hou?"

,,Dit is onteenseglik 'n ruiter wat aankom," roep die eerste wag weer want die geklap van perdehoewe is nou glad nie meer ver van die poort af nie.

Die sersant van die wagte vertoef 'n oomblik, toe stap hy met die trap op na die borswering om self te kom kyk en te luister wat aangaan.

Daar op die mure van Fort Petit het die geharde wagte van die Franse Vreemdelegioen die eienaardigste gevoel. Hulle kan nie glo dat een ruiter, net een enkele ruiter, oor die woestyn aankom na die poort van Fort Petit nie. So iets is byna ondenkbaar. Geen man sal dit waag om in hierdie deel van die Sahara soos sy vinger te beweeg nie. Daarvoor is hierdie wêreld te onherbergsaam en te gevaarlik. Om die waarheid te sê, Fort Petit is die enigste waterpunt in 'n geweldige gebied wat om hom uitstrek. Die naaste oase is baie ver van Fort Petit af. Die fortjie het 'n put in die binneplaas wat sy enigste watervoorraad is.

Sou dit nie dalk spook nie? Dit is die vraag wat die meeste van die wagte hulself stel sonder dat hulle dit uitspreek. Het hulle nie dalk met 'n bonatuurlike verskynsel te doen nie? Daar is allerhande praatjies in Fort Petit dat hierdie deel van die Sahara daarvoor berug is dat dit hier spook. En veral hier in Fort Petit.

Herhaalde male al is die storie vertel dat 'n koplose Arabier wat hier in die fort gesneuwel het van tyd tot tyd sy verskyning maak en dat sy koms altyd gepaard gaan met die eienaardigste huilende geluid. Byna soos dié van 'n woestyndier. Daar is van die manne wat dit vir die waarheid vertel dat hierdie koplose Arabier sonder meer met sy perd en al deur die ysterpoort van Fort Petit gestorm kom. Hulle sê dat hy dan deur die binneplaas jaag, reguit na die agterste muur van die vierkant, en as jy weer kyk, is hy deur die soliede muur en dan jaag hy in 'n weswaartse rigting oor die woestyn weg in die rigting van die Atlasgebergtes.

Hierdie legende is al so baie herhaal en dit word met soveel sekerheid gestaaf deur verskillende manne, dat die meeste manne wat in Fort Petit dien of wat reeds hier gedien het, vas glo dat die koplose Arabier van tyd tot tyd sy verskyning by die klein vesting maak.

En net om dit alles baie meer realisties te maak, vertel die manne gewoonlik dat jy hom ver oor die woestyn kan hoor aankom. Hulle sê hy ry





op 'n gemaklike galoppie en jy kan duidelik die geklingel van sy stangringe hoor. Daarom voel die wagte nou op die mure van Fort Petit 'n bietjie koud hoewel dit 'n snikhete aand is.

In die donker het die manne versteen. Nie een verroer 'n vinger nie. Hulle kan voel hoedat hul nekhare roer. Hulle verbeel hulle dat hulle hare penregop staan. Hulle vat die lang Lebelgewere stywer vas net asof dit sal baat teen die manewales van 'n spook. Hulle tuur met groot konsentrasie deur die donkerheid en hulle wag dat die man sy verskyning moet maak. Hulle hou almal die poort dop, want dit is daar waar hy sal binnekom.

Die sersant van die wagte beskou die verskynsel as so belangrik dat hy dadelik 'n wag stuur na die bevelhebber van Fort Petit, kapt. Pierre Bouquet.

Die sersant beweeg nader na die poort. Hy kom staan langs die wag wat die ruiter die eerste gehoor het. Die twee staan naby mekaar en in die donker loer hulle na mekaar. Toe sê die sersant: ,,Dit is 'n eienaardige verskynsel. Watter ruiter sal dan stoksielalleen na die fort toe gejaag kom?"

,,Hy jaag nie, Sersant," sê die wag. ,,Hy ry op 'n gemaklike galop."

,,Net soos die spookruiter, nie waar nie," sê die sersant minagtend. ,,Die storie is mos dat 'n koplose ruiter op 'n gemaklike galoppie uit die nag op die fort afgery kom. Glo jy daardie storie, mon ami?"

,,Ek weet nie meer wat om te glo nie," sê die wag, en hy vind dat sy liggaam yskoud en styf geword het. Iets prikkel hom in sy nek.

Die ruiter is nou kort voor die poort. Die hoefslae is baie duidelik. En toe die sersant en die wag nog nader aan die borswering staan, kan hulle hom sien kom.

,,Mon dieu!" sê die sersant half hardop. Dit is 'n uitroep van ontsteltenis en skrik.

In die donker sien hulle hom kom. Blykbaar ry hy 'n swart perd net soos die koplose Arabier van die legende. Daarom lyk dit asof die ruiter deur die lug sweef. En selfs hier van die borswering af kan hulle sien hoedat sy mantel bol staan soos hy ry. En hulle kan sweer dat daardie ruiter nie 'n kop het nie.

,,Dit is hy. . . Dit is die koplose ruiter," sê die wag verwese en verskrik. ,,Dit is nie 'n legende nie! Dit is die waarheid. Kyk na hom. Kyk hoe kom hy!"

En dit is toe dat die wag se gemoed hom begewe. Hy swaai om en hy hardloop terug op die borswering langs. Vir die sersant word hierdie besigheid ook een te veel. Hy draai om en gaan voeg hom by die volgende wagte. Hy bemerk tot sy verbasing dat die manne op 'n bondel staan. Hy kan hul vrees aanvoel. Eers wil hy onder hulle invlieg omdat hierdie 'n

ernstige verontagsaming is, nie alleen van dissipline nie, maar ook van waaksaamheid. Pleks dat hulle op hul poste is, staan hulle almal hier op 'n bondel, sodat die borswerings wat in die vorm van 'n perdehoef is byna heeltemal onbewaak is.

Maar die sersant voel instinktief dat hy teen hierdie vrees niks kan vermag nie. Hy weet goed genoeg dat die vrees vir die bonatuurlike veel erger en baie vreesliker is as die vrees vir die lewende, die tasbare.

Hier waar hulle staan, sien hulle meteens 'n ruiter voor die poort van Fort Petit verskyn. Met beangste harte verwag hulle dat hy nou enige oomblik deur die poort gesweef kom, deur die vierkant, deur die westelike muur en dat hy dan sal wegsweef oor die woestyn in die rigting van die ver Atlasgebergtes.

Tog, die manne daar op die borswering word deur die ruiter op 'n eienaardige wyse verras. Nie net verras nie, maar ook deerlik geskok.

Want die eensame ruiter wat uit die pikswart duisternis van die Sahara op Fort Petit aangery gekom het, kom sweef nie deur die poort soos hulle verwag het nie. Vir 'n oomblik sien hulle hom daar en toe voel dit asof die duiwel meteens los is in die vierkant van Fort Petit.

'n Rooi blits slaan uit die donker op, blom uit en toe verdwyn dit. Hulle voel hoedat die borswering onder hulle sidder as gevolg van die harde verpletterende ontploffing daar onder in die vierkant. Hulle hoor hoedat stukke staal by hulle verby sing. Hulle word bewus van die stofdamp wat opgedryf is.

Die uitwerking van hierdie verskynsel is soos dié van 'n donderslag. As daar wolke aan die lug was, sou hulle gemeen het dat die weerlig hier vlak voor hulle in die binneplaas van die vesting neergeslaan het.

Maar nou is daar nie wolke aan die lug nie en in hierdie deel van die Sahara sien 'n mens baie selde weerlig. En toe die manne na die harde slag van die ontploffing tot verhaal kom, toe sien hulle dat die ruiter verdwyn het.

Die poort is leeg. Die sersant hardloop terug na die punt van die borswering net langs die poort. Daar gaan hy vassteek met sy hand aan sy rewolwersak. En toe hoor hy dit weer. Die ritmiese, gelykmatige slag van hoewe deur die woestyn. Hulle hoor hoedat hulle stadig maar seker dowwer word totdat hulle verdwyn. En toe hy hier kom vassteek het, het hy vaagweg op 'n afstand die swewende wit gedaante gesien.

Kapt. Pierre Bouquet was die hoenders in toe die wag hom kom wek. Hy het die wag kort en klaar sy fortuin vertel omdat hy hom kom durf wakker maak oor die sogenaamde ruiter wat die fort nader. Vir 'n oomblik het die kaptein gedink aan die legende van die koplose ruiter, maar toe het hy vinnig uit die bed geswaai, sy stewels aangetrek en net so uitgespring saam





met die wag. Net op die oomblik toe die kaptein op die kant van die vierkant verskyn, om ook na die borswering te gaan om te sien wat gaande is met die ruiter, het die ontploffing plaasgevind. 'n Verblindende rooi slag het die kaptein en die wag eintlik teruggeslinger tot in die beskutting van die mure van die vesting.

Nou kom kaptein Bouquet gans verwese en verskrik met die trap na die borswering opgestap. Die sersant het die wagte inderhaas na hul plekke teruggestuur en hy wag die kaptein in toe hy met die trap opgestap kom en by die borswering uitkom.

Kapt. Bouquet is taamlik kortasem toe hy voor die sersant verskyn. „Wat is hier gaande, Frejus," vra hy bars aan die sersant. „Wie die duiwel het hier 'n handgranaat gegooi?"

Sers. Frejus salueer vinnig en hy praat nog vinniger. Daar is 'n duidelike angs en onsteltenis in sy woorde. „Die hemel weet wat aangaan, mon capitaine," antwoord Frejus. „Hier het 'n vreemde ruiter verskyn. Hy het die handgranaat gegooi wat hier in die binneplaas ontplof het."

Kapt. Bouquet swyg in die donker. „Ek neem aan dit is die koplose ruiter, nie waar nie, Frejus," sê hy neerhalend. „Moenie vir my hier bog vertel van 'n ruiter nie. Watter ruiter sal dit waag om Fort Petit alleen te nader en dan nogal 'n handgranaat in die poort te gooi?"

„Dit was tog 'n ruiter, mon capitaine," sê sers. Frejus onderdanig maar beslis. „Al die wagte aan hierdie kant van die vesting het hom die poort sien nader. Ek het hom self gesien. Ons het hom ver hoor aankom oor die woestyn. 'n Hele aantal wagte en ekself het hom voor die poort sien verskyn. Blykbaar is hy 'n Arabier. En na die ontploffing, mon capitaine, het ek hom duidelik hoor wegry van die poort af."

Kapt. Bouquet kyk deur die donker rond. Hierdie onverwagte ontploffing in die vierkant van sy vesting, is nie sy enigste probleem nie. Hierdie afgedankste legende oor 'n koplose Arabierse ruiter het hom al genoeg sonde en ergernis aangedoen. Hy het tot sy ontnugtering uitgevind dat 'n groot deel van sy garnisoen vas glo aan die bestaan van die koplose ruiter. Hy het al alles geprobeer om hierdie storie te probeer uitwis maar tevergeefs. Keer op keer ontdek hy nuwe tekens dat sy manskappe blykbaar aan die koplose ruiter glo. Dit affekteer dissipline, dit het al daartoe gelei dat hy manne baie streng gestraf het omdat hulle die slagoffers geword het van 'n redelose vrees vir hierdie verskynsel. En nou kom ontplof 'n handgranaat boonop binne in Fort Petit.

Die kaptein voel verbysterd hier waar hy staan. Oor die ontploffing kan daar immers nie die minste twyfel bestaan nie. Maar die identiteit van die ruiter, dit is eintlik sy probleem. Hy is seker dat 'n groot deel van die garnisoen nou reeds glo dat dit die koplose Arabierse ruiter is wat daar 'n

handgranaat kom slinger het. Van tyd tot tyd het die kaptein al rede gehad om hom te verbaas vir die feit dat moedige, onverskrokke en geharde soldate van die Franse Vreemdelegioen hul ore leen tot iets soos hierdie legende.

,,Beveel jou wagte om wakker te wees, Frejus," sê die kaptein, ,,en dan volg jy my. Ek gaan na die poort. Bring vir ons 'n lig en bring ses gewapende manne om ons te vergesel."

Bouqet is haastig en ongeduldig. Hy wil binne die kort moontlike tyd weet wat alles hier plaasgevind het. Hierdie soort dinge is altyd baie onstemmend, veral in 'n plek met 'n agtergrond soos dié van Fort Petit. Enige verdagte verskynsel lewer altyd hier moeilikhede op juis omdat die manne aan die spookstorie glo.

Bouquet lei hulle die vierkant binne. Frejus is met 'n lantern hier langs die kaptein en hulle stap dadelik na die plek waar die handgranaat ontplof het.

Daaromtrent bestaan daar nie die minste twyfel nie. Die ontploffing het 'n yslike gat in die kant van die vierkant uitgeruk. Die gat is diep en groot en Bouquet kom dadelik tot die gevolgtrekking dat dit 'n sterk handgranaat moes gewees het. In die lig van die lanterns probeer hulle van die skerwe raaksien maar hulle gewaar niks. Deur die ontploffing is die skerwe blykbaar ver weg geslinger.

Toe stap die paar man na die poort met Bouquet en Frejus voor aan.

Bouquet beveel onmiddellik die manne om die poorthek op te trek. Hulle spring na die katrolle en in 'n kits is die poort so hoog opgetrek dat hulle kan deurstap. Bouquet beveel twee van die manne om by die poort te wag en hy en Frejus en 'n paar ander begin aanstryk oor die woestyn.

Onmiddellik voor die poort word sers. Frejus se mededeling dat daar 'n ruiter verskyn het, op ondubbelsinnige wyse bevestig.

Die perdespore lê duidelik in die onverstoorde sand voor die poort van Fort Petit. Bouquet kyk 'n hele ruk daar rond in die lig van die lanterns.

,,Ja," sê hy eindelik met 'n sug. ,,'n Ruiter was dit wel. En dit was geen spookruiter nie, hoor. Kyk hier lê sy spore."

Toe stap hulle verder van die poort af en hulle sien duidelik hoedat die ruiter die poort genader het en hoedat hy daar weggery het, die woestyn in.

Kapt. Pierre Bouquet is 'n onverskrokke man. Hy het nie 'n bang haar op sy kop nie en dit maak hom soms 'n bietjie onverskillig. Daarom stap hy met sy paar manne die woestyn dieper en dieper binne. Sers. Frejus hou net niks van hierdie besigheid nie. Hulle weet nie wat op hulle wag nie. Bes moontlik kon die ruiter lid gewees het van 'n Arabierse patrollie of iets van dié aard wat op die loer lê hier naby die fort, en hulle is maar ses man bymekaar. Vir Frejus voel dit asof daardie ontploffing van die handgranaat





maar net 'n strikval is om hulle sekere dinge te laat doen wat miskien net die verkeerde dinge is.

Maar hoe sers. Frejus ook al vrees, kapt. Bouquet stap net kop onderstebo die woestyn dieper binne terwyl hy die spore van die perd noukeurig volg.

Frejus begin wonder of die man van sy sinne af is. Hulle is nou seker al byna driehonderd tree van die fort af. Enige oomblik kan 'n oormag van Arabiere op hulle toesak en hulle uit die wêreld maak. Dan is nie alleen die vesting nie, maar ook sy garnisoen aan die genade van die aanvallers oorgelewer.

Maar eindelik gaan kapt. Bouquet stilstaan. Hy draai daar in die lig van die lanterns en hy kyk weer deur die donker weg, asof hy daar na 'n oplossing soek van die vreemde verskynsel wat vanaand in die vesting Petit plaasgevind het. Toe kyk hy skerp na Frejus. ,,Wat dink jy hiervan, mon sergeant?" vra kapt. Bouquet skerp. ,,Wat lei jy af, man? Het jou spookruiter nou skoon van sy sinne geraak of is dit miskien 'n waansinnige Arabier wat op sy eentjie oorlog teen die Vreemdelegioen wil voer? Wat dink jy, Frejus?"

Frejus voel ongemaklik. Bouquet het die gewoonte om mens sommer so onder vier oë onder kruisverhoor te neem.

,,Om eerlik te wees, mon capitaine," antwoord Frejus, ,,ek weet nie wat om te dink nie. En as ek iets mag sê, mon capitaine, dan dink ek dat ons ons baie ernstig blootstel om op hierdie afstand van die fort af in die ope woestyn te staan."

,,Daar mag nogal iets in steek, Frejus," antwoord Bouquet. ,,Miskien is dit baie onverstandig van ons om hier rond te staan, nie waar nie. Nou goed, ons gaan dadelik terug."

Toe hulle 'n entjie gestap het, sê Bouquet: ,,Jy het nog nie my vraag beantwoord nie, Frejus. Het jy geen idee wat hierdie ding kan beteken nie?"

,,Dit kan 'n duisend dinge beteken, mon capitaine," antwoord Frejus. ,,Dit kan 'n Arabierse dweper wees wat iewers 'n handgranaat in die hande gekry het en dit sy plig geag het om dit hier te kom slinger."

,,Watter Arabier, my liewe Frejus,' antwoord Bouquet, ,,sal alleen deur hierdie wildernis kom om 'n handgranaat hier te kom gooi? Jy weet tog dat Fort Petit nie eens naby een van die bekende karavaanroetes geleë is nie, of naby een van die Arabierse woonplekke nie. As so 'n man hom op die Legioen wil wreek, sou hy dit tog seker op 'n ander manier gedoen het. Ek dink nie daar is normaalweg 'n Arabier binne vyftig kilometer van Fort Petit af nie."

,,Dan weet ek nie, mon capitaine," antwoord Frejus. ,,Maar ek het 'n

indruk dat dit 'n set is om ons tot sekere optrede te beweeg. Maar wat die aard van daardie set is, wat die bedoeling daarvan is, dit sal ek nie kan sê nie."

Bouquet stap kop onderstebo en kyk na die rooi glinstering van Saharasand in die lig van die lanterns. Op die oomblik voel hy net so onbeholpe soos Frejus, net so onkundig soos die sersant. Hy het nie die vaagste benul wat hierdie aanslag kan beteken nie. Maar iets moet dit beteken. Maar wat? Dit sal hy heel gou moet uitvind. Hy is al lank genoeg in die Sahara om te weet dat hierdie soort ding nie om dowe neute plaasvind nie. Agter elke daad van hierdie soort, skuil daar 'n bedoeling, 'n gevaar, 'n krisis. Dit het hy nou al soveel maal hier beleef.

Hulle gaan die poort binne en Bouquet stap nog 'n maal na die gat wat deur die handgranaat uitgeruk is. Dit is toe dat een van die manskappe sy verskyning maak, vinnig salueer en iets aan Bouquet oorhandig.

,,Ons het hierdie in die vierkant opgetel, mon capitaine," sê die manskap. In die lig van die lantern kyk Bouquet na die stuk yster. Dit is deel van die omhulsel van 'n handgranaat. Bouquet sien met die eerste oogopslag watter soort handgranaat dit is.

,,Die ironie van die saak, Frejus," sê hy eindelik, ,,is dat hierdie 'n handgranaat is van die Franse Vreemdelegioen. Nou, miskien is daar nie veel betekenis in nie, want die Arabiere kry heeldag Franse ammunisie in die hande." Hy draai die stuk yster om en om in sy hande. ,,Ek wens ek het geweet," sê die kaptein, ,,wat hier agter sit. In elk geval, Frejus, sorg dat die wagte verdubbel word. Waarsku hulle om vannag veral op hul hoede te wees."

Terug in sy kwartier gaan lê kapt. Bouquet met sy hande onder sy kop en hy begin die voorval van 'n kant af ontleed.

Kapt. Bouquet het 'n helder kop en hy beskik oor 'n deeglike en diepe militêre ondervinding. Hy ken die Sahara en sy gevare soos die binnekant van sy hand. Daar is min manne in die Franse Vreemdelegioen wat die mentaliteit van die Arabier so goed ken soos Pierre Bouquet. Daarom dat hy faktore in 'n sekere situasie sien wat ander manne nie daarin sal sien nie.

Bouquet kom onmiddellik tot die gevolgtrekking dat hierdie voorval iets moet inlei. Moontlik 'n Arabierse aanval. Hy het al 'n paar weke lank 'n ongemaklike gevoel omdat alles so doodstil is in die omgewing van Fort Petit.

Maar as die voorval iets te doen het met 'n Arabierse aanval, so redeneer Bouquet, waarom sal hulle dan die fort kom waarsku? Dit is tog waarop dit neerkom. Hy wil die afleiding onmiddellik verwerp maar toe bedink hy homself weer. Hy probeer dit ontleed en hy probeer dit verstaan, want hy weet hoe slu 'n Arabier soms kan wees. Menigmaal doen hy juis die ding





wat jy nie verwag nie. Die Arabier, het Bouquet al geleer, is van die beste bluffers in die wêreld. Kan dit wees dat hulle die vesting met opset op hul hoede kom stel het? Maar hoe meer Bouquet daaraan dink, hoe onaanneemliker word so 'n afleiding vir hom.

Hy dink lank en hy dink in allerhande rigtings, maar toe hy eindelik aan die slaap raak, het Pierre Bouquet nog nie die vaagste benul wat hierdie voorval kan beteken nie.

Die volgende oggend is kapt. Bouquet baie vroeg op. Hy gaan kyk weer na die gat wat deur die handgranaat uitgeruk is. Hy stap weer na die poort. Daar lê die perdespore nog duidelik. Toe gaan vat kapt. Bouquet sy verkyker en klim op die borswering uit. Hy stap tot langs die poort en daar neem hy stelling in. Dit is 'n kragtige verkyker wat hy het en hy volg die spore van die eensame ruiter oor die kaal sand van die Sahara. Verder en verder kyk hy weg tot op die horison. Die horison bestaan op hierdie bepaalde plek uit die hoë onverstoorde kruin van 'n reuse-duin na die noordoostekant. Bouquet kan duidelik sien dat die spore hier van die fort af reguit na daardie duin loop en oor die kruin daarvan. Hy kan duidelik die verstoring in die sand sien waar die perd beweeg het.

Toe hy omdraai, is hy nog niks meer wys nie. Maar hy besluit om iets meer wys te word. Hy ontbied vir Frejus en beveel hom om 'n patrollie van vyftien man saam te stel en hulle te bewapen tot die tande toe.

Bouquet gaan self in die vierkant uit om die manne toe te spreek. Hy beveel hulle om daardie spore 'n afstand te volg.

,,Hou jul oë oop en wees moedig, mes amis, as daar dalk gevaar kom. Dit grief my om julle op hierdie manier bloot te stel, maar dit is baie noodsaaklik dat ons meer besonderhede omtrent hierdie ruiter probeer inwin."

Bouquet het vir Frejus uitgekies om die patrollie te lei. Hy het hom na sy kantoor ontbied, waar hulle die doel van die patrollie uitvoerig bespreek en waar Bouquet aan Frejus sekere belangrike bevele gegee het. Veral het hy hom bevel gegee oor hoe ver hy die woestyn in moet beweeg.

Die patrollie onder Frejus vertrek byna onmiddellik en dit is eers laat die aand, byna tienuur, toe Frejus eindelik met sy klompie manskappe terugkeer.

Bouquet wag hom in sy kantoor in. Frejus is moeg en swetend toe hy binne kom.

,,Wel, mon sergeant, wat het jy gesien?"

Toe beduie hy vir die sersant om te kom sit.

Frejus kom sit.

,,Ek is bevrees, mon capitaine," sê Frejus, ,,dat ek vir u geen nuus het

wat kan lig werp op hierdie eienaardige verskynsel van verlede nag nie. Dit blyk dat hierdie vreemde ruiter volkome alleen is—altans vir so ver ons sy spore gevolg het. Dit lyk asof daardie perdespore eindeloos wegstrek in 'n noordooswaartse rigting."

„So," sê Bouquet. „Ek het verwag dat hierdie ruiter lid was van 'n patrollie. Maar nou blyk dit ook onjuis te wees. Dan het hy blykbaar op sy eie gekom. Jy weet, Frejus, ek is geneig om jou afleiding te glo. En dit is dat dit moontlik 'n waansinnige Arabier is of 'n dweper wat hierdie daad gepleeg het. Ek het daaroor nagedink. 'n Mens kry so baie van hierdie Arabiere wat blindelings probeer om 'n slag te slaan teen die Franse Vreemdelegioen. Dalk is hierdie vent 'n dwarskyker wat iewers 'n handgranaat in die hande gekry het en toe volgens die patroon van alle dwepers, besluit het om daardie handgranaat in die vesting van die Vreemdelegioen te kom slinger."

Frejus sê niks. Hy kyk net op die blad van die lessenaar. „Of wat sê jy, Frejus?"

„Moontlik, capitaine," sê hy, „heel moontlik is dit soos u sê." Maar toe Frejus die woorde uitspreek, glo hy hul self nie, want Frejus is onverbiddellik onder die indruk dat hierdie voorval meer beteken as wat hulle hulle verbeel. En toe Frejus ondersoekend in die oë van kapt. Bouquet opkyk, kry hy die indruk dat dit presies is wat Bouquet besig is om te dink. . .





## VERRAAD

Die dag nadat die handgranaat in die vierkant ontplof het, is Fort Petit feitlik op oorlogsbasis. Daarvoor het kapt. Bouquet self gesorg. Die wagte op die borswerings is verdubbel en daar is 'n nuwe wakkerheid by hulle en 'n skerper oplettendheid, onderwyl hulle besig is om die borswerings te patrolleer. Hulle kyk aanhoudend uit na die horison om te sien of hulle nie daar iets gewaar nie. . .

Op bevel van kapt. Bouquet het Frejus ook 'n hoeveelheid ammunisie uit die wapenkamer na die kant van die vierkant laat bring waar dit in gereedheid gehou word om na die borswerings vervoer te word wanneer daar die geringste teken van 'n aanval is. Selfs twee swaar masjiengewere is uit die wapenkamer aangedra en op strategiese plekke binne die vierkant opgestel. Net om van alles seker te maak, het Bouquet die res van die bemanning na die vierkant uitgeroep en hulle toegespreek.

Want kapt. Bouquet het tot een gevolgtrekking gekom en dit is dat die onverklaarbare ontploffing van die handgranaat net een ding beteken—'n vyandelike aanval. Hy kon nie verklaar waarom hy so dink nie, hy kon dit nie uitlê waarom die Arabiere hom sou waarsku van hul aanval nie. Hy het net die onuitwisbare indruk dat die ontploffing van die handgranaat die voorloper van 'n vyandelike aanval is.

Kapt. Bouquet is egter 'n baie versigtige man, veral wat sy reputasie betref. Pierre Bouquet is 'n ambisieuse man wat graag bevordering wil hê binne die Vreemdelegioen. En omdat dit so is, is hy altyd baie versigtig om nie vals alarms die wêreld in te stuur nie. Daarom besluit hy om die hoofkwartier niks te laat weet van die ontploffing wat in Fort Petit plaasgevind het nie. Daar is nog altyd die moontlikheid dat dit die werk kon gewees het van die een of ander rebel of die een of ander dweper of iets van die aard. Dan sal hy later verspot lyk as hy die hoofkwartier in kennis gestel het van die ontploffing van die handgranaat en dat hy 'n Arabierse aanval verwag.

Die dag gaan baie stil in die vesting verby. Sonder dat enigiets gebeur. Telkens gaan Pierre Bouquet en sers. Frejus self na die borswerings. Dan neem hulle die horison met hul verkykers op. Maar al wat hulle gewaar, is die dans van die hitte op die horison. Daar is geen teken van 'n Arabier of van enige ander vyand nie. Daar is net stilte en geheimenisvolheid.

Die aand breek aan en die vroeë skemer kom. Nog steeds het niks gebeur nie. Die kaptein voel ongemaklik in die stilte. Hy voel agterdogtig omdat hulle vandag niks gewaar het nie. Want in sy bloed kan hy voel dat iets